MR. WE

THE PROVINCE OF TRANSVAAL

# Official Gazette Extraordinary.

(Registered at the Post Office as a Newspaper)

DIE PROVINSIE TRANSVAAL

# Buitengewone Offisiële Koerant.

(As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer)

Vol. CLXXIX.] PRICE 5c. PRETORIA, 11 OCTOBER / 11 OKTOBER 1961. PRYS 5c. [No. 2931.

## PROVINCIAL ADMINISTRATION.

### ADMINISTRATOR'S NOTICE.

The following notice relating to the administration of the Province of the Transvaal is published under the authority of the Administrator for general information.

J. H. O. VAN GRAAN,
Provincial Secretary.

Office of the Administrator of Transvaal, Pretoria.

Administrator's Notice No. 765.] [11 October 1961.

### KRUGERSDORP MUNICIPALITY.—CEMETERY BY-LAWS.

The Administrator hereby, in terms of section *one hundred and one* of the Local Government Ordinance, 1939, publishes the following by-laws, which have been approved by him in terms of section *ninety-nine* of the said Ordinance:—

KRUGERSDORP MUNICIPALITY.—CEMETERY BY-LAWS.

PART I.

GENERAL.

*Definitions.*

1. In these by-laws, unless inconsistent with the context—

(i) "adult" means any person over the age of 12 years; (xvi)

(ii) "cemetery" means any piece of ground duly set apart by the Council as a public cemetery; (i)

(iii) "crematorium" includes the chapel; (viii)

(iv) "child" means any person of the age of 12 years and under whose coffin does not exceed the dimensions prescribed for children in section 36; (vi)

(v) "Committee" means the Management Committee of the Council and any other committee of the Council to which the Council has delegated any of its functions or powers under these by-laws; (vii)

(vi) "Council" means the Town Council of Krugersdorp; (xiii)

(vii) "director" means the person from time to time holding the appointment of Director of Parks and Estates in the service of the Council or lawfully acting in such capacity; (iii)

(viii) "medical officer of health" means the person for the time being holding the appointment of medical officer of health in the service of the Council or lawfully acting in such capacity and includes a deputy or assistant medical officer of health; (v)

(ix) "memorial work" means any tombstone, railing, fence, monument, memorial, inscription or other work erected or which may be erected upon any grave; (iv)

(x) "plot" means any piece of ground laid out for two or more graves, the exclusive right to inter in which ground has been purchased by any person in terms of section 26; (x)

## PROVINSIALE ADMINISTRASIE.

### ADMINISTRATEURSKENNISGEWING.

Onderstaande kennisgewing wat betrekking het op die administrasie van die Provinsie Transvaal word op gesag van die Administrateur vir algemene inligting gepubliseer.

J. H. O. VAN GRAAN,
Provinsiale Sekretaris.

Kantoor van die Administrateur van Transvaal, Pretoria.

Administrateurskennisgewing No. 765.] [11 Oktober 1961.

### MUNISIPALITEIT KRUGERSDORP.—BEGRAAFPLAASVERORDENINGE.

Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel *honderd-en-een* van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die volgende verordeninge, wat deur hom ingevolge artikel *nege-en-negentig* van genoemde Ordonnansie goedgekeur is:—

MUNISIPALITEIT KRUGERSDORP.—BEGRAAFPLAASVERORDENINGE.

DEEL I.

ALGEMEEN.

*Woordbepaling.*

1. In hierdie verordeninge, tensy uit die samehang anders blyk, beteken—

(i) „begraafplaas", enige stuk grond wat behoorlik deur die Raad as 'n publieke begraafplaas aangewys is; (ii)

(ii) „blanke", 'n blanke soos omskryf in die Bevolkingsregistrasiewet, 1950 (No. 30 van 1950); (xvi)

(iii) „direkteur" die persoon wat van tyd tot tyd die betrekking van Direkteur van Parke en Eiendomme in die diens van die Raad beklee of wat wettiglik in sodanige hoedanigheid optree; (vii)

(iv) „gedenkteken", enige grafsteen, traliewerk, heining, monument, gedenkteken, grafskrif of enige ander oprigting wat op enige graf opgerig of kan opgerig word; (ix)

(v) „geneeskundige gesondheidsbeampte", die persoon wat van tyd tot tyd die betrekking van geneeskundige gesondheidsbeampte in die diens van die Raad beklee, of wat wettiglik in sodanige hoedanigheid optree en ook enige adjunk of assistent geneeskundige gesondheidsbeampte; (viii)

(vi) „kind", enige persoon van 12 jaar en onder; (iv)

(vii) „Komitee", die Bestuurskomitee van die Raad, en enige ander komitee van die Raad aan wie die Raad enige van sy pligte en bevoegdhede ingevolge hierdie verordeninge gedelegeer het; (v)

(viii) „krematorium" ook die kapel; (iii)

(ix) „lyk", die stoflike oorskot van 'n mens; (xiv)

(x) „perseel", enige stuk grond wat uitgelê is vir twee of meer grafte en ten opsigte waarvan die uitsluitlike reg deur enigeen gekoop is om dit vir begraafdoeleindes te gebruik op die voorwaardes vermeld in artikel 26; (x)

(xi) "private grave" means a piece of ground laid out for a single grave within any cemetery in respect of which piece of ground any person has in terms of section 26 purchased the exclusive right to use the same for the purpose of interring a human body; (xi)

(xii) "public grave" means any grave which has not been acquired as a private grave by any person; (xii)

(xiii) "registrar" means a person appointed as a registrar under the provisions of Chapter I of the Births, Marriages and Deaths Registration Act, 1923 (No. 17 of 1923); (xiv)

(xiv) "remains" means the dead body of a human being; (ix)

(xv) "superintendent" means the person from time to time holding the appointment of superintendent of any cemetery or lawfully acting in such capacity; (xv)

(xvi) "white person" means a white person as defined in the Population Registration Act, 1950 (No. 30 of 1950); (ii).

*Revocation of By-laws.*

2. The Cemetery By-laws of the Krugersdorp Municipality published under Administrator's Notice No. 770 of 1st December, 1948, as amended, are hereby revoked.

*Establishment of Cemeteries.*

3. The Council may from time to time set apart any ground for the purpose of cemeteries, and no person shall inter or cause any body to be interred in any other place.

*Only Burial or Cremation Permitted.*

4. No person shall dispose of any remains in any other manner than by burial or by the process of cremation as provided in these by-laws.

*Permission of Superintendent for Interments.*

5. No person shall inter, or cause any remains to be interred, within any cemetery without the permission of the superintendent.

*Free Burial.*

6. The Council may at the request of the Magistrate of Krugersdorp inter the remains of a pauper free of charge.

*Hours of Admission to Visitors.*

7. Every cemetery shall be open every day from 7 a.m. till 6 p.m. A signal shall be given 15 minutes before closing time by means of a warning device giving an audible signal, and no person shall remain in any cemetery after 6 p.m.: Provided that the Council may close to the public any cemetery or portion thereof for such periods as to the Council may seem fit, if it considers such closing to be in the public interest.

*Children.*

8. No person under twelve years of age may enter any cemetery unless such person is under the care of a responsible person.

*Keeping to Paths.*

9. No person shall leave the roads and walks except for purposes permitted by these by-laws.

*Coloured Persons and Natives.*

10. No Bantu or coloured person shall enter the European portion of any cemetery except by permission of the superintendent.

*Entrance and Exit from Cemeteries.*

11. (1) No person shall enter or leave any cemetery except by the proper entrance gates provided and appointed for the purpose.

(xi) „private graf", 'n stuk grond wat vir 'n enkele graf binne enige begraafplaas uitgelê is ten opsigte van welke stuk grond enige persoon ingevolge artikel 26 die uitsluitlike reg aangekoop het om dit vir die doel van begrawing van 'n menslike liggaam te gebruik; (xi)

(xii) „publieke graf", enige graf wat nie as 'n private graf deur enige persoon verkry is nie; (xii)

(xiii) „Raad", die Stadsraad van Krugersdorp; (vi)

(xiv) „registrateur", 'n persoon wat as registrateur kragtens die bepalings van Hoofstuk I van die Wet op de Registratie van Geboorten, Huweliken en Sterfgevallen, 1923 (No. 17 van 1923), aangestel is; (xiii)

(xv) „superintendent", die persoon wat van tyd tot tyd die betrekking van superintendent van enige begraafplaas beklee of wettiglik in sodanige hoedanigheid optree; (xv)

(xvi) „volwassene", enige afgestorwe persoon bo die ouderdom van 12 jaar; (i)

*Herroeping van verordeninge.*

2. Die Begraafplaasverordeninge van die Munisipaliteit Krugersdorp, afgekondig by Administrateurskennisgewing No. 770 van 1 Desember 1948, soos gewysig, word hierby herroep.

*Stigting van begraafplaas.*

3. Die Raad kan van tyd tot tyd enige grond vir die doel van begraafplase afsonder en niemand mag 'n lyk in enige ander plek begrawe of laat begrawe nie.

*Alleen begrawing of verassing.*

4. Niemand mag 'n lyk op enige manier wegdoen nie, behalwe deur begrawing of deur die proses van verassing soos by hierdie verordeninge bepaal.

*Toestemming van Superintendent vir teraardebestellings.*

5. Niemand mag 'n lyk binne 'n begraafplaas sonder die toestemming van die superintendent begrawe of laat begrawe nie.

*Kostelose begrafnis.*

6. Die Raad kan op versoek van die landdros van Krugersdorp 'n lyk van 'n armlastige kosteloos begrawe.

*Toegangsure vir besoekers.*

7. Elke begraafplaas is elke dag van 7-uur vm. tot 6-uur nm. oop. Daar word 'n sein 15 minute voor die sluitingsuur gegee met 'n waarskuwingstoestel wat 'n hoorbare sein gee, en niemand mag na 6-uur nm. in 'n begraafplaas wees nie: Met dien verstande dat die Raad die reg het om, indien dit na sy mening in die openbare belang is, 'n begraafplaas of deel daarvan vir sodanige tydperk as wat die Raad goedvind vir die publiek te sluit.

*Kinders.*

8. Niemand onder die ouderdom van 12 jaar mag 'n begraafplaas binnegaan nie tensy sodanige persoon onder die toesig van 'n verantwoordelike persoon is.

*In paadjies bly.*

9. Niemand mag die paaie en voetpaaie verlaat nie behalwe vir die doeleindes wat deur hierdie verordeninge toegelaat word.

*Kleurlinge en Bantoes.*

10. Geen Bantoe of Kleurling mag die afdeling vir Blankes in 'n begraafplaas sonder die toestemming van die superintendent binnegaan nie.

*In- en uitgange van begraafplase.*

11. (1) Niemand mag 'n begraafplaas binnegaan of verlaat nie behalwe deur die behoorlike hekke wat vir daardie doel verskaf en aangewys is;

(2) No person shall enter any nursery in any cemetery unless he is authorised to do so by the superintendent, and no person shall enter any portion of a cemetery which has been temporarily closed by the Council for the purpose of an exhumation, except a person required to be present thereat for the performance of his duties.

*No Person to Distribute Tracts or Advertisements.*

12. No person shall solicit any business, order or exhibit, distribute or leave any tract, business card or advertisement within any cemetery, or shall use any cemetery road or walk for the conveyance of any goods, parcel or other material except such as are intended for use in such cemetery.

*Sitting or Climbing on Memorials.*

13. No person shall sit, stand or climb upon or over any memorial work, gate, wall, fence or building in any cemetery.

*Committing Nuisance.*

14. No person shall make a noise or cause a disturbance or commit any nuisance within any cemetery.

*Animals in Cemetery.*

15. No person shall bring or allow any dog, cat, fowl or any other animal or bird to wander inside any cemetery.

*Riding Forbidden.*

16. No person shall ride any animal within any cemetery.

*Disturbance of Soil or Plants.*

17. No person, except where it is expressly permitted by these by-laws, shall disturb the soil, plant or uproot any shrub or flower or in any way interfere with any grave or erection in any cemetery.

*Demonstrations.*

18. No person shall hold or take part in any demonstration in any cemetery without the consent of the Council.

*Hindering of Workmen.*

19. No person shall hinder any workman or labourer employed by the Council in any cemetery in the performance of his duties.

*Obstruction of Superintendent.*

20. No person shall obstruct, resist or oppose the superintendent in the course of his duty or refuse to comply with any order or request which the superintendent is entitled to make in terms of these by-laws.

*Complaints.*

21. Any person wishing to make any complaint may enter such complaint in a book which will be kept for that purpose at the superintendent's office or he may lodge his complaint with the Council by letter.

*Immoral Uses.*

22. No person shall use or cause any cemetery to be used for any immoral purposes.

*Defacing Monuments.*

23. No person shall mark, draw, scribble, erect advertisements upon or in any way deface any wall, building, fence, gate, memorial work or other erection within any cemetery.

*Fees.*

24. The fees specified in Schedule A shall be paid to the Council in respect of the various items therein contained within the times hereinafter mentioned.

*Right to Ground in Cemetery.*

25. No person shall acquire any right to or interest in any ground or grave in any cemetery, other than such rights or interest as may be acquired under these by-laws.

(2) Niemand mag 'n kwekery in 'n begraafplaas binnegaan nie tensy hy daartoe deur die superintendent gemagtig is en niemand mag enige deel van 'n begraafplaas wat tydelik deur die Raad vir die doel van 'n opgrawing afgesluit is binnegaan nie, behalwe iemand wat daar teenwoordig moet wees in die uitvoer van sy pligte.

*Niemand mag traktate of advertensies uitdeel nie.*

12. Niemand mag enige besigheid, bestelling of uitstalling werf nie; ook geen traktate, besigheidskaarte of advertensies binne 'n begraafplaas uitdeel of laat nie, ook mag hy nie 'n pad of voetpad deur 'n begraafplaas gebruik vir die vervoer van goedere, pakkies of ander materiaal nie, behalwe wanneer dit bestem is vir gebruik in sodanige begraafplaas.

*Sit of klim op gedenktekens.*

13. Niemand mag op of oor enige gedenkteken, hek, muur, heining of gebou in 'n begraafplaas sit, staan of klim nie.

*Veroorsaak van oorlas.*

14. Niemand mag 'n geraas, steurnis of oorlas in 'n begraafplaas veroorsaak nie.

*Diere in begraafplaas.*

15. Niemand mag 'n hond, kat, hoender of 'n ander dier of voël inbring of toelaat om rond te loop binne 'n begraafplaas nie.

*Ry verbode.*

16. Niemand mag 'n dier binne enige begraafplaas ry nie.

*Omkrap van grond en plante.*

17. Niemand mag, behalwe waar dit uitdruklik by hierdie verordeninge toegelaat word, die grond omkrap, enige struikgewas of blom plant of uittrek nie, of op enige wyse hom met 'n graf of oprigting in enige begraafplaas bemoei nie.

*Betoog.*

18. Niemand mag 'n betoog binne 'n begraafplaas hou of daaraan deelneem sonder die toestemming van die Raad nie.

*Hinder van werksmense.*

19. Niemand mag 'n werksman of arbeider wat by die Raad in diens is in 'n begraafplaas by die verrigting van sy pligte verhinder nie.

*Belemmering van superintendent.*

20. Niemand mag die superintendent by die uitoefening van sy werksaamhede belemmer, weerstaan, teëwerk of weier om te voldoen aan 'n bevel of versoek waartoe die superintendent geregtig is ingevolge hierdie verordeninge nie.

*Klagtes.*

21. Iedereen wat enige klagte wil inbring kan sodanige klagte in 'n boek skryf wat vir daardie doel in die kantoor van die superintendent beskikbaar sal wees, of anders kan 'n klaer sy klagtes per brief by die Raad indien.

*Onsedelike gebruike.*

22. Niemand mag 'n begraafplaas gebruik of laat gebruik vir enige onsedelike doeleindes nie.

*Skending van gedenkstene.*

23. Niemand mag 'n muur, gebou, heining, hek, gedenksteen of enige ander oprigting in 'n begraafplaas merk, daarop teken, dit bekrap of advertensies daarop oprig of dit op die een of ander wyse skend nie.

*Gelde.*

24. Die gelde soos gespesifiseer in Bylae A moet aan die Raad betaal word ten opsigte van die verskillende items wat daarin vervat is en binne die tydperk wat hierna vermeld word.

*Grondregte in begraafplaas.*

25. Niemand mag 'n reg op of belang by enige grond of graf in 'n begraafplaas verkry nie uitgesonderd sulke regte of belange as wat ingevolge hierdie verordeninge verkry kan word.

## PART II.

### INTERMENTS IN PUBLIC AND PRIVATE GRAVES OF PLOTS.

*Purchase of Private Graves.*

26. (1) The Council may, at its discretion, sell to any person the use of any piece of ground in a cemetery for a private grave or plot. Such graves shall be of the dimensions described in Schedule A. Any person desiring to purchase the use of any such private grave or plot shall apply to the superintendent. Such grave or plot shall be allotted by the superintendent and held subject to these by-laws.

(2) No plot or private grave may be purchased before the decease of the first person to be interred therein and no plot shall consist of more than two graves.

(3) Sub-section (2) shall not apply to graves and plots purchased under the provisions of the by-laws hereby revoked.

*Plans.*

27. Plans showing the various graves and plots available will be kept at the superintendent's office and may be inspected by any person free of charge during the office hours prescribed in section 33.

*Consent of Council to Transfer.*

28. No person shall transfer any right or interest in any ground or grave in any cemetery except in accordance with these by-laws.

*Registration of Transfer.*

29. (1) Every transfer of a private grave or plot shall be registered by the superintendent on notification given by the transferor, and the registration fee prescribed in Schedule A shall be paid by the transferor to the superintendent. No transfer which does not comply with these conditions shall be valid.

(2) For the purpose of this section "transferor" means the person in whose name the grave or plot is registered at the time of the application for transfer to another person.

*Interment in Public Graves.*

30. Any person wishing to have any remains interred in any public grave shall pay the fee prescribed in Schedule A for such interment to the superintendent at the time that the notice of interment is given. Such person, upon payment of the said fee, shall be entitled to a single interment only and the position of the grave, which shall remain the Council's property shall be determined by the superintendent.

*Interment in Private Graves.*

31. Any person wishing to have any remains interred in any private grave or in any grave in a plot, in every case where a previous interment has been made in such grave, shall pay the fee prescribed in Schedule A.

*Notice of Interment.*

32. Any person wishing to have any remains interred shall give notice to the superintendent at least four hours before such interment upon the form prescribed in Schedule B.

*Office Hours.*

33. The superintendent's office shall be open between 8.30 a.m. and 4.30 p.m. from Mondays to Fridays inclusive, and between 8.30 a.m. and 12 noon on Saturdays, and will be closed on public holidays.

*Payment of Fees.*

34. All fees and charges shall be paid at the office of the superintendent who shall give an official receipt for the same.

## DEEL II.

### TERAARDEBESTELLING IN PUBLIEKE EN PRIVATE GRAFTE OF PERSELE.

*Aankoop van private grafte.*

26. (1) Die Raad kan, na goeddunke, aan enige persoon die gebruik van enige stuk grond in 'n begraafplaas vir 'n private graf of perseel verkoop. Sodanige grafte moet wees volgens die afmetings soos omskryf in Bylae A. Enigeen wat die gebruik van sodanige private graf of perseel wil koop, moet by die superintendent aansoek doen. Sodanige graf of perseel moet deur die superintendent toegewys word maar bly onderworpe aan hierdie verordeninge.

(2) Geen perseel of private graf kan aangekoop word nie voordat die eerste persoon wat daarin begrawe moet word oorlede is, en geen perseel mag meer as twee grafte bevat nie.

(3) Subartikel (2) word nie toegepas nie ten opsigte van grafte en persele wat aangekoop was ingevolge die bepalings van die verordeninge wat hierby herroep word.

*Planne.*

27. Planne van die verskillende grafte en persele word in die kantoor van die superintendent bewaar en dit lê kosteloos gedurende die kantoorure voorgeskryf by artikel 33 ter insae van enigiemand.

*Toestemming van die Raad tot oordrag.*

28. Niemand mag 'n reg of belang by enige grond of graf in 'n begraafplaas aan 'n ander oordra nie, behalwe ingevolge hierdie verordeninge.

*Registrasie van oordrag.*

29. (1) Elke oordrag van 'n private graf of perseel moet geregistreer word deur die superintendent op kennisgewing van die transportgewer en die koste van registrasie moet deur die transportgewer aan die superintendent betaal word ooreenkomstig die gelde wat in Bylae A bepaal word. Geen oordrag wat nie aan hierdie voorwaardes voldoen nie, is geldig nie.

(2) Vir die toepassing van hierdie artikel beteken „transportgewer" die persoon op wie se naam die graf of perseel geregistreer is ten tyde van die aansoek vir oordrag aan 'n ander persoon.

*Teraardebestelling in publieke grafte.*

30. Iedereen wat verlang dat 'n lyk in 'n publieke graf begrawe moet word, moet aan die superintendent die geld wat voorgeskryf word in Bylae A vir sodanige teraardebestelling betaal wanneer die begrawingskennisgewing gedoen word. So iemand het na betaling van die genoemde bedrag slegs die reg op een teraardebestelling en die plek van die graf, wat die Raad se eiendom bly, moet deur die superintendent aangewys word.

*Teraardebestelling in private grafte.*

31. Iedereen wat 'n lyk wil laat begrawe in 'n private graf of in enige graf wat in 'n perseel is, moet in elke geval waar 'n teraardebestelling in sodanige graf alreeds geskied het, die gelde betaal soos in Bylae A bepaal.

*Kennisgewing van teraardebestelling.*

32. Iedereen wat 'n lyk wil laat begrawe, moet minstens vier uur voor sodanige teraardebestelling aan die superintendent daarvan kennis gee op die vorm uiteengesit in Bylae B.

*Kantoorure.*

33. Die superintendent se kantoor is oop van 8.30 vm. tot 4.30 nm. van Maandae tot en met Vrydae, en tussen 8.30 vm. en 12 middag op Saterdae. Dit is op openbare vakansiedae toe.

*Betaling van gelde.*

34. Alle gelde en vorderings moet by die kantoor van die superintendent betaal word, wat daarvoor 'n amptelike kwitansie moet uitreik.

*Alteration of Day of Interment.*

35. If any alteration be made in the day or hour previously fixed for an interment, notice of such alteration shall be given to the superintendent at the cemetery not later than one hour before such interment.

*Dimensions of Apertures for Graves.*

36. The regulation dimensions of the aperture for any grave will be as follows:—

For every remains of an adult:—
Length: 7 ft. 6 in.
Breadth at shoulders: 2 ft. 6 in.
Breadth at head: 2 ft.
Breadth at foot: 1 ft. 6 in.

For every remains of a child:—
Length: 4 ft. 6 in.
Breadth at shoulders: 1 ft. 9 in.
Breadth at head: 1 ft. 9 in.
Breadth at foot: 1 ft. 9 in.

Any person requiring an aperture of larger dimensions for any interment shall, together with the notice of interment, give the measurement of the coffin, including fittings.

*Child's Coffin Over Size.*

37. Should a child's coffin be too large for a child's grave it will be placed in an adult's grave and the usual fee for an adult's grave shall be paid by the person giving the notice of interment.

*Depth of Grave.*

38. No adult's grave shall be less than six feet, and no child's grave shall be less than five feet in depth. In the case of plots no adult's grave shall be less than 6 ft. 6 in. and no child's grave shall be less than 5 ft. 6 in. in depth.

*Opening of Graves.*

39. No grave shall be opened for a second interment within two years from the date of the last interment therein, without the special consent of the Council.

*Covering of Earth.*

40. There shall at least be four feet of earth between any coffin and the surface of the ground: Provided always that three feet of earth shall be sufficient if such coffin contains the remains of a child.

*All Charges Payable Before Interment.*

41. No person shall be permitted to inter any remains in any grave or plot until all sums due in terms of these by-laws in respect of such interment have been paid to the Council.

*Coffins in Public Graves.*

42. No person shall place or cause to be placed any coffin constructed of any other material than wood or other perishable material in any public grave.

*Burial of More than One Body in the Same Public Grave at the Same Time Prohibited.*

43. In no case shall the remains of more than one adult or two children be buried within any public grave at the same time unless such grave has been purchased as a private grave.

*Covering Coffin with Earth.*

44. Every coffin or remains upon being placed in any grave shall be covered at once with one foot of earth.

*Disturbing Human Remains.*

45. No person shall disturb any remains or any soil adjacent thereto in any cemetery except in accordance with an authority of the Administrator in terms of Ordinance No. 7 of 1925 or where it is necessary for the carrying out of these by-laws.

*Verandering van datum van teraardebestelling.*

35. Indien enige verandering gemaak word in die reeds vasgestelde dag of uur van die teraardebestelling, moet kennis van sodanige verandering aan die superintendent by die begraafplaas gegee word minstens een uur voor sodanige teraardebestelling.

*Afmetings van grafopenings.*

36. Die vasgestelde afmetings vir die grafopenings is soos volg:—

Vir iedere lyk van 'n volwassene:—
Lengte, 7 voet 6 duim.
Breedte by die skouers, 2 voet 6 duim.
Breedte by die hoof, 2 voet.
Breedte by die voete, 1 voet 6 duim.

Vir iedere lyk van 'n kind:—
Lengte, 4 voet 6 duim.
Breedte by die skouers, 1 voet 9 duim.
Breedte by die hoof, 1 voet 9 duim.
Breedte by die voete, 1 voet 9 duim.

Iedereen wat 'n grafopening van groter afmetings vir enige teraardebestelling wil hê, moet tegelykertyd met die begrafnisbrief die afmetings van die doodkis met inbegrip van die beslag gee.

*Wanneer 'n kind se doodkis te groot is.*

37. As die kis wat die lyk van 'n kind bevat, te groot is vir die afmetings van 'n kindergraf, sal die doodkis in 'n graf vir 'n volwassene begrawe word en die gewone koste vir 'n graf van 'n volwassene moet betaal word deur die persoon wat kennis van die begrawing gee.

*Diepte van 'n graf.*

38. Geen graf vir 'n volwassene mag minder as 6 voet en geen graf vir 'n kind minder as 5 voet diep wees nie. In die geval van persele mag geen graf vir 'n volwassene minder as 6 voet 6 duim en geen graf vir 'n kind minder as 5 voet 6 duim diep wees nie.

*Oopmaak van grafte.*

39. Geen graf mag vir 'n tweede teraardebestelling oopgemaak word binne 2 jaar van die datum van die laaste teraardebestelling sonder die spesiale toestemming van die Raad nie.

*Bedekking met grond.*

40. Daar moet minstens 4 voet grond wees tussen enige doodkis en die grondoppervlak: Altyd met dien verstande dat 3 voet grond voldoende is wanneer die kis die lyk van 'n kind bevat.

*Gelde moet voor teraardebestelling betaal word.*

41. Niemand word toegelaat om enige lyk in enige graf of perseel te begrawe nie tensy al die verskuldigde gelde ingevolge hierdie verordeninge ten opsigte van sodanige teraardebestelling aan die Raad betaal is.

*Kiste in publieke grafte.*

42. Niemand mag 'n doodkis wat van enige ander materiaal as hout of ander verganklike materiaal gemaak is in enige publieke graf plaas of laat plaas nie.

*Begrawing van meer as een lyk in dieselfde publieke graf tegelykertyd is verbode.*

43. In geen geval mag die lyke van meer as een volwassene of twee kinders in dieselfde publieke graf op dieselfde tyd begrawe word nie, tensy sodanige graf as 'n private graf gekoop is.

*Bedekking van doodkis met grond.*

44. Elke doodkis of lyk moet, sodra dit in 'n graf geplaas is, sonder verwyl met een voet grond bedek word.

*Versteuring van lyke.*

45. Niemand mag enige lyk of enige grond wat dit begrens in enige begraafplaas verstoor nie, behalwe ooreenkomstig magtiging van die Administrateur ingevolge Ordonnansie No. 7 van 1925 en behalwe waar dit nodig is vir die nakoming van hierdie verordeninge.

*Racial Groups.*

46. (1) The Council may reserve portions or the whole of any cemetery for the interment of persons of the white group, the Bantu group or the coloured group or for subgroups of the coloured group.

(2) No remains shall be interred elsewhere than in such part of a cemetery as has been reserved for persons of the racial group or sub-group to which the deceased belonged during his lifetime.

(3) No person shall bring the remains of any Bantu or coloured person into any cemetery except through a gate specially reserved for the purpose.

PART III.

FUNERALS.

*Religious Ceremonies.*

47. The members of any religious denomination may conduct religious ceremonies in connection with any interment or memorial service subject to the control and by-laws of the Council.

48. No person shall conduct any religious ceremony or service according to the rites of any denomination in such portion of any cemetery as may be reserved by the Council for members of other denominations, except with the consent of the Council.

*Hearses at Cemetery.*

49. No person shall drive or cause any hearse drawn by more than two animals to be brought into any cemetery without the consent of the superintendent.

50. The driver of every hearse shall immediately after such removal leave the cemetery by the route indicated by the superintendent.

*Exposure of Dead Bodies.*

51. No person shall convey any dead body in an unseemly manner or expose any such body or any part thereof in any street, cemetery or public place.

*Directions of Superintendent.*

52. Every person taking part in any funeral procession or ceremony shall comply with the directions of the superintendent while such person is within the cemetery.

*Numerously Attended Funerals.*

53. In any case where it is probable that more than 100 persons will be present at any interment the person giving notice of such interment shall notify the fact to the superintendent on the day before the funeral.

*Bands and Music at Funerals.*

54. No music shall be performed or broadcast within any cemetery except where it forms part of the ceremony of interment or cremation.

*Times of Interment.*

55. (1) Interments shall be carried out only between the hours of 9 a.m. and 4.30 p.m. on weekdays.

(2) No interments shall be permitted on Sundays and public holidays.

*Numbering of Graves.*

56. In every case where an interment is to take place the superintendent shall fix at the grave a peg on which is marked the number of the grave allotted for such interment.

*Coffin Lids Not to be Removed.*

57. No person shall in the cemetery remove any coffin lid or slide.

*Rassegroepe.*

46. (1) Die Raad kan gedeeltes of die geheel van enige begraafplaas vir die teraardebestelling van persone van die blanke groep, die Bantoegroep of die Kleurlinggroep of vir subgroepe van die Kleurlinggroep, reserveer.

(2) Geen lyk mag elders as in sodanige gedeelte van 'n begraafplaas begrawe word nie as wat vir persone van die rassegroep of subgroep waartoe die oorledene gedurende sy leeftyd behoort het, gereserveer is.

(3) Niemand mag die lyk van enige Bantoe of Kleurling in enige begraafplaas uitgesonderd deur 'n hek wat spesiaal vir die doel bestem is, bring nie.

DEEL III.

BEGRAFNISSE.

*Godsdiensoefeninge.*

47. Die lede van enige godsdienstige genootskap kan godsdiensoefeninge in verband met enige teraardebestelling of herdenkingsdiens hou onderworpe aan die beheer en die verordeninge van die Raad.

48. Niemand mag goddiensoefeninge of godsdiens hou volgens die gebruik van enige genootskap in sodanige gedeelte van 'n begraafplaas as wat deur die Raad afgesonder is vir lede van ander genootskappe nie, behalwe met die goedkeuring van die Raad.

*Lykwaens by die begraafplaas.*

49. Niemand mag 'n lykwa, wat deur meer as twee diere getrek word, in enige begraafplaas indryf of laat inbring sonder die toestemming van die superintendent nie.

50. Die bestuurder van elke lykwa moet wanneer die lyk afgeneem is, onmiddellik die begraafplaas verlaat langs die weg wat die superintendent daarvoor aanwys.

*Ontbloting van lyke.*

51. Niemand mag 'n lyk op 'n onbetaamlike wyse vervoer of dit of 'n deel daarvan ontbloot in enige straat, begraafplaas of publieke plek nie.

*Opdragte van superintendent.*

52. Iedereen wat deelneem aan 'n begrafnisstoet of -plegtigheid moet voldoen aan die opdragte van die superintendent solank sodanige persoon in die begraafplaas aanwesig is.

*Begrafnisse wat deur baie bygewoon word.*

53. In enige geval waar dit waarskynlik is dat meer as 100 persone by die teraardebestelling teenwoordig sal wees, moet die persoon wat kennis van sodanige teraardebestelling gee die superintendent die dag voor die begrafnis van die feit verwittig.

*Orkeste en musiek by begrafnisse.*

54. Geen musiek mag binne 'n begraafplaas uitgevoer of uitgesaai word nie behalwe waar dit deel vorm van die plegtigheid van die teraardebestelling of verassing.

*Ure vir teraardebestellings.*

55. (1) Teraardebestellings kan slegs tussen 9 vm. en 4.30 nm. op weeksdae plaasvind.

(2) Geen teraardebestellings word op Sondae en openbare vakansiedae toegelaat nie.

*Die nommer van grafte.*

56. In elke geval waar 'n teraardebestelling moet plaasvind, moet die superintendent 'n pen waarop die nommer van die aangewese graf vir die teraardebestelling gemerk is, by die graf vassit.

*Deksels van doodkiste mag nie afgeneem word nie.*

57. Niemand mag in die begraafplaas 'n deksel of skuif van 'n doodkis afneem nie.

## PART IV.

### EXHUMATION OF BODIES AND RE-OPENING OF GRAVES.

*Exhumation.*

58. Subject to the provisions of section 64, no person shall exhume or cause any remains to be exhumed without the permission in writing, of the town clerk, the medical officer of health and the Provincial Secretary, and before the fee mentioned in Schedule A has in every case been paid, such permission shall be handed to the superintendent at least two clear days before the date proposed for the removal of such remains.

*Time of Exhumation.*

59. No person shall exhume or cause any remains to be exhumed during such time as the cemetery is open to the public.

*Screening of Operations.*

60. The grave from which any remains are to be removed shall be effectively screened from view during the exhumation and a shell shall be kept in readiness at the grave.

*Medical Officer of Health to be Present.*

61. Subject to the provisions of section 64, no exhumation or removal of any remains shall be carried out by any person unless the medical officer of health or his authorised representative is present.

*Grand or Deed Required Before Re-opening Grave.*

62. No person will be permitted to re-open any grave until he has satisfied the Council that he is entitled to do so.

*Removal by Council of Body from One Grave to Another.*

63. If at any time the Council deems the removal of any remains to be advisable the Council may cause such remains to be removed to another grave, subject to the consent of the Administrator in terms of Ordinance No. 7 of 1925: Provided always that the consent of a near relative of such deceased person shall, if possible, first be obtained.

*Exhumations in Terms of Various Enactments.*

64. (1) The provisions of sections 58 and 61 shall not apply in respect of any exhumation order in terms of sub-section (4) of section *three* of the Inquests Act, No. 58 of 1959, or section *thirty-four* of the Public Health Act, No. 36 of 1919, or any other provision in an Act of Parliament or Ordinance of the Transvaal Province relating to the exhumation of bodies.

(2) The provisions of sections 58 to 63 (both inclusive) shall be subject to the provisions of the Removal of Graves and Dead Bodies Ordinance, No. 7 of 1925, as amended, and to any other provision in an Act of Parliament or Ordinance of the Transvaal Province dealing with the same subject matter.

## PART V.

### CARE OF GRAVES.

*Neglecting Graves.*

65. The owner of every private grave shall keep such grave free from weeds and in proper order. If the owner neglect to attend to any such grave the Council may, by written notice, require him to attend to such grave. In the event of such notice not being complied with within one month, the Council may itself attend to it and recover from the owner the amount actually spent in respect of such work.

## DEEL IV.

### OPGRAWING VAN LYKE EN HEROPENING VAN GRAFTE.

*Opgrawings.*

58. Onderworpe aan die bepalings van artikel 64, mag niemand enige lyk opgrawe of laat opgrawe sonder die skriftelike toestemming van die stadsklerk, die geneeskundige gesondheidsbeampte en die Provinsiale Sekretaris nie, en voordat die geld, soos vermeld word in Bylae A, in elk geval nie betaal is nie. Sodanige toestemming moet by die superintendent ingehandig word minstens twee volle dae voor die voorgestelde datum vir die verwydering van so 'n lyk.

*Tyd van opgrawing.*

59. Niemand mag 'n lyk opgrawe of laat opgrawe gedurende die tyd wat die begraafplaas vir die publiek oop is nie.

*Afskerming van werksaamhede.*

60. Die graf waaruit 'n lyk verwyder moet word, moet doeltreffend aan die gesig onttrek wees tydens die opgrawing en 'n doodkis moet by die graf in gereedheid gehou word.

*Geneeskundige gesondheidsbeampte moet teenwoordig wees.*

61. Onderworpe aan die bepalings van artikel 64 mag geen opgrawing of verwydering van enige lyk deur enigeen geskied nie tensy die geneeskundige gesondheidsbeampte of sy gemagtigde verteenwoordiger daarby verteenwoordig is.

*Toestemming of grondbrief voordat 'n graf heropen mag word.*

62. Niemand word toegelaat om 'n graf te heropen nie voordat hy die Raad oortuig het dat hy wetlik daartoe geregtig is.

*Verwydering deur die Raad van 'n lyk van die een graf na 'n ander graf.*

63. Indien die verplasing van enige lyk deur die Raad te eniger tyd as wenslik beskou word, kan hy met die toestemming van die Administrateur ingevolge Ordonnansie No. 7 van 1925 sodanige lyk laat verwyder na 'n ander graf: Altyd met dien verstande, dat die toestemming van die naasbestaande van so 'n oorlede persoon, indien moontlik, eers verkry is.

*Opgrawing ingevolge verskillende verordeninge.*

64. (1) Die bepalings van artikels 58 en 61 is nie van toepassing nie ten opsigte van enige opgrawingsbevel ingevolge subartikel (4) van artikel *drie* van die Wet op Geregtelike Doodsondersoeke, No. 58 van 1959 of artikel *vier-en-dertig* van die Volksgezondheidswet, No. 36 van 1919, of enige ander bepaling van 'n Wet van die Parlement of Ordonnansie van die Provinsie Transvaal insake die opgrawe van lyke.

(2) Die bepalings van artikels 58 tot en met 63 is onderworpe aan die bepalings van die Verwydering van Dooie Liggame en Grafte Ordonnansie, No. 7 van 1925, soos gewysig, en van enige ander bepaling van 'n Wet van die Parlement of Ordonnansie van die Provinsie Transvaal oor dieselfde onderwerp.

## DEEL V.

### VERSORGING VAN GRAFTE.

*Verwaarlosing van grafte.*

65. Die eienaar van elke private graf moet sodanige graf vry van onkruid en in behoorlike orde hou. As die eienaar nalaat om enige sodanige graf te versorg, kan die Raad by skriftelike kennisgewing van hom eis om sodanige graf te versorg. Ingeval binne een maand aan sodanige kennisgewing nie voldoen word nie, kan die Raad self die versorging onderneem en van die eienaar die bedrag wat werklik bestee is, invorder ten opsigte van sodanige werk.

*Planting Shrubs.*

66. Any person may, with the permission of the superintendent, plant any shrub, plant or flower upon any grave: Provided always that no plant, shrub or flower shall be cut or carried away by any person without the consent of the superintendent, and the Council may prune, cut down or remove any tree or plant which is causing or may at any future time cause damage to any memorial work or be injurious to the cemetery.

*Railings.*

67. Without the written consent of the Council no person shall in any cemetery erect or place any railing, wire work or other permanent ornament not covered by the definition of memorial work.

*Keeping of Graves in Order by the Council.*

68. The Council will, upon the payment of the fees mentioned in Schedule A undertake to keep any private grave in order for a period corresponding with that for which payment has been made.

## PART VI.

### Erection and Maintenance of Memorial Work.

*Memorials or Inscriptions Cannot be Admitted Without the Consent of the Council.*

